# Die Groen Kamer

Oskar sit jakobregop. Hy probeer normaal lyk maar hy weet hy faal soos ‘n dronkie tussen nugter mense. Wat is verdomp fout met hom? Hy knik weereens instemmend om sy storie geloofwaardigheid te gee.

Die dokter se pen tik ingedagte op die aantekenbord. “Soooo, jy hoor niks meer stemme nie?” Hy bekyk Oskar aandagtig. “Jy aanvaar jy het die winkelsentrum verwoes, nie die sogenaamde Reisiger nie....jy is nie van die toekoms nie...jy is nie op ‘n soektog na....” Hy betrag sy notas. “...na Lara nie....en die hoofpyne is skoonveld?”

Oskar knik gretig. Die pyn trek soos brullende V8 deur sy brein. Hy knip onwillikeurig sy oë, maar net een werk behoorlik. Hy probeer konsentreer op die bleek groen muur agter die dokter.

“*Hou jou varkies bymekaar Oskar.*” $O_2$ weerklink sag in sy brein. “*Ons is amper weer aanlyn.*”

Oskar kyk vinnig op na die dokter, maar net hy kon dit hoor. Hy sug moedeloos. Miskien is hulle reg, daar is duidelik ‘n skroef of twee los.

“*Nee, jy is nie mal nie. Vertrou my.*” Probeer die stem hom sag oortuig.

“Nee. Uh. Ja.” Oskar knik versigtiger. “Definitief. Geen stemme of pyn meer nie.”

Die dokter staan op en sit sy vingers weerskante op Oskar se kop. “Wel, dit is seker ‘n wonderwerk.” Sy vingers druk dieper en hy skud Oskar se kop hard heen en weer. “So geen pyn meer nie, niks stemme nie?” Die vermaak is duidelik in sy stem.

Agter Oskar lag die verpleër hardop.

Die pyn is oorverdowend. Swart kolletjies dans voor hom.

“*Flippen sigopaat!*” $O_2$ is nie meer stil nie, hy skreeu paniekerig soos ‘n kanarie wat ‘n kat gewaar. “*Probeer uithou. Ek het nog vier minute en tien sekondes nodig.*”

Oskar se visie vernou na ‘n donker tonnel. Iewers diep in sy geheue onthou hy ‘n lelike donkie wat gil *‘When you see a tunnel, stay away from the light, Shrek.’* Dit is offisieel, hy is verseker so mal soos ‘n haas. Of ‘n donkie.

Sterk arms gryp en plak hom hardhandig op die trollie neer. Leer bande trek hom vas. Teen die koue pype. Hy probeer wriemel. Dis tevergeefs.

“*Veg. Baklei. Hou hulle besig!*” Sy malstem in sy brein verhoog die pyn met elke woord. Dit is soos ‘n donderstorm wat onbeheers tussen sy ore uitwoed.

Die verpleër plak die elektrodes teen sy slape vas. Die man grynslag. Hy geniet sy werk.

“Nuusflits. Ek is nie onder ‘n kalkoen uitgebroei nie. Jou bont varkie makeer, jy is ‘n gevaar vir die samelewing.” Die dokter se gesig verskyn bo hom. “Ek gaan jou regmaak. Ek weet hoe om met skuim soos jy te werk.”

“*Lig jou hand en pinkie, Oskar.*” $O_2$ se stem is dringend. “*Ek gaan vir dokter Frankeinstein en Igor nou behoorlik opdonner.*” Oskar probeer desperaat. “*Konsentreer, Oskar! Ons is amper daar.*”

Voel sy hand warm? Begin sy pinkie gloei soos ‘n vuurvliegie se stert? Hy probeer desperaat konsentreer.

Niks gebeur nie, dis amper dieselfde as om ‘n woord te probeer onthou. Dit is op die punt van jou tong, maar jy kan dit net-net nie uitkry nie.

Die elektrisiteit dreun deur sy kop. Sy liggaam verstyf. Sy hele wese brand. Sy laaste sensasie is as sy maag beheer verloor, die stank slaan sy neus soos ‘n opstopper net voor die swart hom insluk.

***

Sy oog knip stadig oop, dan volg die ander een.  Dit lyk na vroegoggend.  Hy is terug in die groen kamer. Oskar sit versigtig regop, voel aan die brandmerke aan sy slape. Hy skud sy kop versigtig.

Die pyn is weg. Die stilte in sy kop is oorverdowend. Die verligting spoel deur hom. Miskien is hy genees.

Hy sukkel orent en loop op en af in die klein kamertjie.  Hy het ‘n nuwe en skoon ligblou mediese pakkie aan. Na ‘n ruk begin sy balans regkom. Die hongerpyne tokkel sy maagwand.

Die deur se elektroniese slot klik en die verpleër wink hom nader. “Tyd vir sosiale kontak. Af na die gemeenskap sitkamer saam met die ander malles. Kom, moenie laat ek wag nie.”  Hy voel betekenisvol aan die knuppel aan sy belt.

In die gang stamp hy vir Oskar hard in die rug. Oskar struikel en val amper. “En as jy weer jou self bevuil los ek jou net so. Wat ‘n gemors. Het jy dit?”

Oskar glimlag. Klein oorwinnings. Hier tel elkeen van hulle.

In die sitkamer kry hy ‘n sagte ou stoel en eet ‘n groot ontbyt. Lekker deurmekaar goeters. Baie vrugte.  Wanneer hulle hom weer in daai breinkook masjien sit, sal hy hulle wys.  Elke wapen wat hy het, sal hy ten volle gebruik. Al is dit sy boude.

Met ‘n amper waansinnige grynslag sluimer hy in terwyl die oggendson die vertrek verwarm.

***

Hy skrik wakker in die laat middag. Die sitkamer is nou vol mensies. Meeste sit voor die groot televisie en kyk al droolende na die kartoon kanaal. Lyk weer na Liewe Heksie en die klomp gifappeltjies.

In die agterste hoek staan die dik ene met homself en redekawel, sy broek soos gewoonlik laag soos ‘n loodgieter. Regs van Oskar ry die wilde tante haar houtperdjie oudergewoonte vinnig vorentoe en agtertoe.  Sy is darem seker fiks van die daaglikse oefening.

By die groot venster in die leunstoel sien hy weer vir Lara. Of teminste dink hy dis Lara.  Op haar skoot slaap die ou kat soos gewoonlik. Die verpleër redekawel met haar en probeer die kat wegvat, maar sy grom vir hom met ontbloote tande. ‘n Regte tierwyfie.

Die verpleër staan verskrik terug en loop prewelend verby Oskar. "Daai kat gaan in elk geval sy negende lewe gebruik binne 'n dag of twee. Dan sal ons sien..."

Oskar leun vorentoe en kyk met meer dringendheid na die twee. Hy staan op en loop versigtig nader. Hy glimlag vir haar en steek sy hand stadig uit en vryf die kat sag. Die dowwe oë kyk moeg op na hom, die arme ou ding se pels is verkoek en hier en daar al erg brandsiek.

Sy gryp skielik wild aan sy pols. "Help hom, asseblief. Duiwel is al wat ek nog oorhet." Haar stem is skor, nes Lara. Hy verdwaal in haar diepgroen poele en vat met sy ander hand sag aan haar wang.

Dit voel of die tyd stilstaan. Is sy werklik Lara? Het hy haar uiteindelik opgespoor? Hy bestudeer haar en sy vir hom.

Iets klik in sy brein soos 'n draaislot wat na die regte kombinasie gedraai word. Inligting stroom na sy brein soos 'n helder stroom water wat 'n plaasdam vol tap.

Oskar steek sy linkerhand uit na die kat. Sy hand verhit en sy pinkie gloei. Hy beweeg dit stadig en raak sag aan die kat se neus.

'n Weerligstraal flits deur die vertrek.

Die kat ruk. Lara wip. Sy vinger brand. Die kat bokspring een keer hoog. Lara se hare doen 'n Einsten. Die kat se snorbaarde bewe. Lara se bene strek soos vuurhoutjies reguit vorentoe.

"Wat de hel?" Haar stem is helder. Oë blink. Sy laat haar bene stadig sak.

Op haar skoot gluur die kat na Oskar. Sy pels gesond. Maar sy oë spoeg vuur. Sy stert punt wikkel heen en weer.

'n Doodse stilte daal oor die vertrek. Self die vettie in die hoek is klaar met sy debat. Die tannie op die houtperd wikkel net effens. Die TV wys net graanvlokkies. Die mensies sit nog steeds en drool. Die dokter en verpleër staar oorbluf.

Die kat krap Oskar se arm. Bloedhale soos komete oor sy hele arm.

"Eina, jou bliksem!" Sy stem weergalm deur die stil vertrek.

Die verpleër en dokter kom tot verhaal en storm nader. Die verpleër het sy knuppel uitgetrek en sy vinger wys reguit na Oskar.

Oskar waai sy linkerhand een keer voor hulle verby. Sy pinkie gloei. Hy kyk hulle stip aan. Beide steek in hulle spore vas. Hulle gesigte is skielik bleek en sonder uitdrukking.

"Julle het niks gesien nie. Alles is onder beheer. Wees kalm." Hulle knik gedwee.

Oskar glimlag ondeund. "By the power of greyskull!" roep hy hard terwyl hy sy hand omhoog druk. Albei na-aap hom. "By the power of greyskull," skreeu hulle uitbundig.

Lara giggel onbeheers langs hom. Oskar bars uit van die lag. Die kat spin.

"*Wel, ek sien jy voel beter.*" $O_2$ klink nie ingenome nie, maar sy stem is nogtans versigtig. "*Jammer, Oskar. Ek kon net nie deurbreek na jou toe nie. Wie sou weet, dit het net die geliefde herinnering aan Lara gevat om ons te bind soos altyd.*"

"Ja, ek het gedink ek is mal." Oskar kyk stip na haar. "Maar sy is nie Lara nie, nê?"

"*Helaas, nee.*" $O_2$ klink onseker. "*Miskien 'n verlangse familielid? Haar geskiedenis is bietjie duister, selfs vir my.*"

Die twee medici roer onrustig.  Oskar waai sy hand weereens.

"Dokter, jy gaan haar ontslaan. Nou dadelik. Alle papierwerk afhandel. En vir my ook. En dan loop jy in die veld in en gaan spring in 'n dam. Sonder klere. En jy vergeet van my. Het jy dit?"

Die dokter knik ingedagte sy kop en prewel iets. Spoeg loop by sy ken af.

Aan die verpleër. "Jy is mal oor katte, en jy verpes dokters. Loop kombuis toe en bring vir die kat kos en 'n borsel sodat jy sy hare kan mooimaak. En jy hou daarvan om in jou broek te tjorts." Die verpleër hardloop omtrent na die kombuis.

$O_2$ sug moedeloos. "*Miskien moes ek jou bietjie langer hier gelos het. Onthou die reëls.*"

Haar hand rus sag op sy arm. "Baie dankie. Ek sien alles nou so helder. En kyk vir ou Duiwel. Hy is springlewendig...." Sy is verslae en kyk ongelowig om haar rond. "Wat nou?" Haar blik vraend op hom.

Hy vat 'n ompad in haar Lara groen oë. "Alles gaan regkom. Kry jou papiere by die dokter en laat spaander. 'n Huurmotor sal nou-nou hier wees en jou na 'n hotel neem. More ry jy weg see toe, loop op die strand, geniet elke oomblik. Reg so?"

"Ja, ek dink...ek dink ek gaan OK wees."

Hy draai weg en loop na die voordeur. "Tref die reëlings. Sorg dat sy 'n groot huis by die kus kry, een met mooi uitsig. Genoeg geld ook, jy weet wat ek bedoel met genoeg. En 'n mooi motor. 'n GTI. 'n Rooi een."

$O_2$ bly eerder wyslik stil.

"En hou 'n ogie oor haar. Help waar jy kan."

***

Buite die hekke van die mediese sentrum staan Oskar en wag. "Hoe lank was ek daar binne?"

"*Twee weke. Na die petalje by die winkelsentrum was jou brein soos roereier. Weet jy hoe moeilik is dit om 'n roereier terug te sit in die dop?*" verwyt $O_2$ . "*Jy was te seker van jouself. Die Reisiger het jou goed opgevoeter. Gelukkig was jou laaste wanhopige skoot op teiken.*" $O_2$ giggel. "*Hy is gat oor kop by die trappe af.*"

"Gmmf. Hy was net gelukkig daar was soveel onskuldige mense. Ek moes hulle ook beskerm."

"*Jaaaaa, natuuuuuurlik.*" $O_2$ is nie oortuig nie.  "*Hy kan nie te ver voor ons wees nie. As jy fokus gaan ons hom volgende keer vasvat.  Wie weet watse chaos veroorsaak hy nou al weer.  En miskien kry ons vir Lara....*"

Die motor ligte kom vinnig nader. Die Tesla bestuur homself tot voor hulle en stop geruisloos.

"Wat nou? 'n Elektroniese stuk gemors...ek soek 'n Land Cruiser man." Oskar gooi sy hande dramaties in die lug. "Met 'n V8."

$O_2$ wip hom hemelhoog. "*O ja, en hoe moet daai ding homself bestuur tot hier by ons? Dit is maklik om te sien hoekom julle mense die planeet so opgemors het. Ouens soos jy. Red nou 'n volk.*"

Oskar glimlag en klim in. Hy druk die knoppie en sit die motor oor na self bestuur. Die wiele tol en die motor spring geruisloos uit die blokke. Die versnelling is vuurpyl vinnig.

$O_2$ vang gees, verstel sy inhibisie kontroles en gil kliphard. "*Ry hom pappie. By the power of greyskull!*"